


# Die Rietfluit



## Rietfluit familiebrief Januarie 2007



*Uit die hart van die leraars*

*Ons as leraars wil u opnuut seën en sterkte  
toebid vir 2007!*

Ons sien saam met julle uit na wat God vir ons en deur ons as gemeente wil doen.

Deel van God se volmaakte plan met ons almal is om hierdie jaar meer as ooit in pas met Sy wil te leef.

Daar is vier bakens wat hierdie jaar vir ons in die gemeente kan help om koers te hou op God se pad:

- **Sy Woord:** Daarom gaan ons hierdie jaar -Sondae en by kleingroepe- tyd spandeer om die woorde van die Here Jesus in Mat 5-7 (bergprediking) stukkie vir stukkie van nader te bekyk. Dit is woorde wat ons lewe gaan verander! Die tema is **24/7 Christenwees** (*dit is elke dag se Christenwees 24 uur 'n dag, 7 dae 'n week*)

## 2007 is die jaar van praktiese Christenskap

- **Ons gemeente-visie:** *Om die gemeente te wees waar lidmate, gedring deur die liefde van Christus, vir mekaar en ander omgee.*
- **Jaartema vir Bedieninge: Uitreikjaar.**  
Ons wil hierdie jaar spesiale moeite doen om meer doelgerig uit te reik na ander –ook in ons omgewing- met die goeie nuus van die evangelie asook met tasbare liefde. Pinkster gaan ook gewy word om lidmate toe te rus hoe om uit te reik na ander. Ons is in hier om die wêrelد vir Hom te bereik.
- **Fokus op Verhoudings:** Naas ons verhouding met God is ons verhouding met mekaar ook 'n belangrike fokuspunt. Huweliksverhouding, gesinsverhouding en verhouding met mede-Christene (veral in kleingroepverband) is vir ons van wesentlike belang. Werk deurlopend aan hierdie verhoudinge. Maak hierdie jaar die jaar van verhoudingsgroei.

*Kom ons gaan saam opmars met ons Leidsman!*

😊 *Ons as leraars sal graag vir u tot diens wees onthou ... ons is net 'n oproep ver!*

\*\*\*\*\*

## SENDINGWEEK 2007

### DV 18 - 25 FEBRUARIE 2007

Wonder u soms " hoe verskil Christene en Moslems ? Glo altyd nie maar in dieselfde God nie? Gaan hulle wat Moslems is en in my straat bly, saam met my werk of in Laudium of Koerdistan bly, nie maar ook eendag hemel toe nie?"

Kom kry antwoorde by vanjaar se Sendingfees.

SENDING



**So. 18 Feb.** 09:00 Oggenddiens Ds. L Tait

Sendingdiens

18:30 Aanddiens Louis Scheepers DVD:

Getuienis van 'n Moslem man wat 'n Christen geword het.

**Ma. 19 Feb. - Do. 22 Feb.**


18:30 DVD: Verskil tussen dit wat Christene en Moslems glo.

**Sa. 24 Feb.** Besoek aan Laudium ( RCA Charisma, Moslem Moskee, Hindie Tempel.

**So. 25 Feb.** 9:00 Sendingdiens en Geloofoffer-beloofte

18:00 Jeugsendingdiens Ds. L. Tait

*By elkeen van die aandgeleenthede sal van ons Sendelinge kom terugvoer gee*



*Week van gebed  
29-31 Januarie*

Uit die Woord leer ons in Jakobus 5:18 dat ons vir mekaar moet bid. Deur aan hierdie bevel gehoorsaam te wees, word die ryke seën van die hemel op die bidders oopgedraai. Die belangrikheid van voorbidding word verder deur Openbaring 8:1-5 beklemtoon...."Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God."

Nog veel groter as dit, is die seën van voorbidding – wanneer die mens hom voor God buig om die behoeftes en begeertes van ander voor God se troon te lê op hierdie wyse die krag van die lewe met al sy seëninge na vele ander siele te bring. (Soos verwerk uit die woorde van dr. Andrew Murray)

Gebedsweek 2007 het geleentheid aan elke gemeentelid gebied om hierdie jaar werklik biddend tegemoet te gaan en self toe te eien wat die waarde van gebed vir ons geestelike lewe is... want die gebed van die gelowige dra groot krag ook in die jaar 2007!

*Ons fokus*



*op .....  
Claudette Grover*

*Claudette is 'n jong entoesias as dit kom met spoed, maar gelukkig net op die resies baan, en nie op die pad nie.*

Claudette is 'n rekenaarkonsultant, maar haar stokperdjie is 'n "perd" van 'n ander kleur. Sy is 'n motorrenjaer. Oor naweke ry sy met haar Opel hatchback om die draaie van Kyalami en ander soortgelyke resiesbane regoor Suid Afrika.

Daar is verskillende kategorië en klasse waarvolgens renjaers ingedeel word. Kategorië word bepaal deur die tipe motor wat die jaer bestuur en die grootte van die enjin. Die klasse word weer bepaal na aanleiding van die ervaring wat hy/sy deur die jare opgetel het. Claudette vertel dat haar kategorie uit drie vrouens bestaan en die res almal mans is. In Claudette se klas is sy die enigste vrouw. (Wat dit nie altyd so aangenaam maak vir 'n dame nie... Veral nie as jy vir die manne ore aansit nie.)

Claudette se pa, wat op sy tyd ook 'n motorrenjaer was, het haar die fyner kunsies wys gemaak. Hy het haar as klein dogtertjie saam met hom geneem en sy het dit uiterst genotvol gevind. Hy het haar onder sy vlerk geneem toe sy oud genoeg was om self te ry en hanteer nou vir haar die organisasie wat met so 'n stokperdjie gepaard gaan.

Vir Claudette is dit prioriteit om voor elke resies 'n oomblik stil te raak voor haar Hemelse Vader. Sy vertel hoe Sy krag haar keer op keer dra wanneer sy agter die stuurwiel inskuif.

"Deur die genade van God was my ergste besering 'n ligte stampie teen my nek" (in engels 'n whiplash) vertel sy.

In hierdie rigting waarin Claudette spesialiseer, kry 'n mens ook, soos orals, 'n paar moeilike karaktere. As dit kom by haar mededingers word sy soms sleg en onregverdig behandel.

Sy is al deur 'n mede jaer in waatlemoen-groen uitrusting van die baan af geforseer ... Nou praat ons nie net van 'n "groen baadjie nie!! Sulke gedrag is juis haar inspirasie om haar Christenskap op en van die baan af ten volle uit te leef.

Claudette is altyd bereid om die ander wang te draai. Sy straal steeds haar vriendelikheid, goedhartigheid en nederigheid uit teenoor só 'n persoon. Is dit nie wat van ons as Christene verwag word nie? Claudette sê dat hierdie eienskappe besig is om versagting te bring in die harte van dié wat teenoor haar onregverdig is.



Dankie Claudette...vir die wonderlike voorbeeld wat jy vir ons stel. Ons sien dit raak maak nie saak hoe vinnig jou bande oor die teer gely nie.

- Heleen de Beer



Welkom aan nuwe intrekkers:

Stefan & Hester Botha



Riaan de la Rey



Gerrit & Joleen Meyer



Jossie Breytenbach



Susan & Carina Botma